

JUNIE: God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Vrydag **21 Junie**

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-39 (AFR83)

Fokusgedeelte: Romeine 8:31

Die Gees gee krag en troos

Daar is drie dinge waarteen God se kinders voortdurend stry: die sondige natuur van die mens, die gebrokenheid van die wêreld waarin ons leef en die aanvalle van die bose.

Die sondige natuur van die mens is 'n swakheid waarmee elke mens gebore word. Vir ons as uitverkore kinders van God is daar egter baie hulp in dié verband. Nie alleen het ons die Heilige Gees as gawe van God ontvang nie, maar die Heilige Gees ken ons ook beter as wat ons onself ken. Hy deurgrond die hart en die gedagtes van die mens, en weet waar ons tekortsiet. Daarom tree Hy ook vir ons in en pleit vir ons met versugting wat nie met woorde gesê kan word nie. So word die skamele gebed van die gelowige 'n daad met kragtige werking, want die Gees gee daaraan krag.

Die Heilige Gees verhef ook die uitverkore kinders om in hulle woorde en dade uit te staan bo die gebrokenheid van hierdie wêreld. Nie alleen herstel Hy die beeld van God in die kinders van God nie, maar herinner Hy ons ook aan ons roeping, vryspraak en heerlikheid in Christus. En deur die heiligmaking van die Gees kry doodgewone kinders van God dit reg om kragtig as oorwinnaars oor die verleiding van hierdie wêreld te heers.

En dan gee die Heilige Gees natuurlik ook die moed van oortuiging aan God se kinders, om nie te swik voor die aanvalle van die bose nie. Die twyfel wat die bose saai, word gekelder deur die werk van die Gees, deur die verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente. Die aanklaer word nou die aangeklaagde, omdat die Gees ons die krag verleen om met oortuiging te kan bely dat niks (ook nie die bose nie) ons sal kan skei van die liefde van God wat daar is in Christus Jesus ons Here nie! Watter groter troos en watter groter oortuiging is daar, as om te weet ons is meer as oorwinnaars ook deur die krag van die Gees. Dank God daarvoor!

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 3, 4

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)